DEEL 116 | WEEK 37 | 13 SEPTEMBER 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Rioolbakkie veroorsaak twis

Maandag het 'n skerp meningsverskil ontstaan tussen 'n senior munisipale amptenaar en 'n DA-raadslid oor 'n omstrede kontrak wat reeds ses maande lank 'n wolk van onsekerheid oor die dorp gooi. Die kontrak behels die huur van 'n bakkie wat werkers en hul toerusting vervoer om rioolpype en verstopte dreine te ontblok. Na bewering van DA-raadslid Robert Ferendale word die bakkie teen 'n bedrag van R28 000 per maand verhuur en volgens gerugte is die verhuurder van die voertuig nog nie betaal nie, wat veroorsaak dat die noodsaaklike herstelwerk nie aan die dorp se dreineringstelsels gedoen word nie. Raadslid Robert Ferendale van die DA het aan die Heilbron Herald vertel dat volgens inligting wat hy ontvang het, verskeie dreine in Heilbron nie herstel kan word nie omdat die betaling van die voertuig reeds vir ses maande agterstallig is. "Die bestuurder weier om verder rond te ry omdat die betaling nie gemaak is nie," het hy gesê. Francis Moeketsi, die plaaslike munisipale bestuurder, het hierdie bewerings egter verwerp en gesê: "There is no substance in the rumors and I have indicated the same to Councillor Ferendale." Hy het verder bygevoeg: "The invoice done by the same person is not even 50% of the amount that Mr. Ferendale is alleging." Heilbron Herald se redaksie het die eienaar van die voertuig probeer kontak, maar is op enige van die vrae, antwoorde geweier en is die telefoon afgesny. Ondanks hierdie verduidelikings het raadslid Phillip van der Merwe, bevestig dat daar wel geld aan die verhuurder van die voertuig verskuldig is, maar dit is nie volgens sy inligting wat hy ontvang het naby die beweerde R168 000 wat deur Ferendale genoem is nie. Hy het verder verduidelik dat 'n reëling met die verhuurder getref is deur Dr. Mothamaha, die munisipale bestuurder van Ngwathe, om die skuld te vereffen. Heilbronners moet ook in ag neem dat Heilbron munisipaliteit glad nie beheer oor die betaling of aanstellings het van enige vervoer nie, en dat als deur die verkrygings komitee bestuur word.

Terwyl die dispuut oor die kontrak voortduur, kla inwoners steeds oor die verswakte rioolstelsel in verskeie dele van Heilbron. Veral inwoners van die Stasiehuise wat moedeloos is oor hul verstopte dreine wat al weke lank onveranderd bly. Ina Coetzer, 'n inwoner van die area, het gesê: "Ek het reeds op 2 Augustus die dreinprobleem by my huis aangemeld, en daar is steeds niks gedoen nie." Ander inwoners kla oor die verskriklike reuke wat hul huise binnedring weens oorlopende riool. "By die dam is daar reeds in Maart 'n probleem met 'n mangat aangemeld, en die vuil water stroom steeds onophoudelik in die dam in," het een bekommerde inwoner gesê. Hierdie probleem hou ernstige gesondheidsrisiko's in vir die inwoners, asook die fona en flora in. Inwoners van die Stasiehuise het ook hul klagtes uitgespreek oor die metaangas wat deur die riool verstoppings vrygestel word, en wat hul gesondheid begin affekteer. Hulle rapporteer dat hulle al siek begin voel weens die langdurige blootstelling aan hierdie gasse.

Rdl. Phillip van der Merwe het probeer om die volle besonderhede van die skuld by die finansiële bestuurder (CFO) te kry, maar weens 'n arbeidsforum-vergadering was die inligting nie betyds beskikbaar vir publikasie nie. Met toenemende druk van inwoners en openbare gesondheidsrisiko's wat verband hou met die rioolstelsel, word daar verwag dat die munisipaliteit dringend op hierdie aangeleenthede sal moet reageer. Inwoners wag in spanning om te sien of die betaling vir die voertuig gemaak ten volle betaal gaan word, en of die dreineringstelsel uiteindelik herstel sal word.

Die vraag bly of die kontrak werklik die hoofrede is vir die dorp se water- en rioolkrisis, of daar groter uitdagings binne die munisipale bestuur skuil.









# Herstel gemeenskapsbate, vra DA-Raadslede

Phiritona se gemeenskapsaal staan reeds byns drie jaar in onbruik na klein skade deur betogers teen buitelandse sakelui: enkele ruite gebreek, en deure beskadig. Sedertdien val pleidooie vanuit die gemeenskap dat Ngwathe se munisipaliteit die gebou herstel en weer in gebruik bring "eenvoudig op dowe ore." Maar twee DA-raadslede, een 'n inwoner van Heilbron, gaan nou weer probeer.

"Die gebou was 'n groot bate vir die gemeenskap, 'n spilpunt van sosiale lewe," sê DA-raadslid Robert Ferendale. Hy sê die gebou dien lank reeds tydens verkiesings as 'n stemlokaal, met uitsondering van die jongste verkiesing in Mei vanjaar. Dis ook gebruik vir konserte, kerkdienste, en openbare vergaderings. Kos was tevore berei in en bedien vanuit die toegeruste kombuis, sodat die gebou ook gebruik was vir onthale, partytjies, en selfs troues. "Min van die kombuis bly nou egter oor," sê Ferendale. Die gebou is sentraal geleë, met bruikbare parkeerplek. Ferendale sê die aanvanklike skade tydens die betoging destyds was beperk tot enkele gebreekte ruite en skade aan deure. "Die munisipaliteit kon dit vinnig en goedkoop herstel het."


Maar niks is gedoen nie. Die skade het toegeneem. Dis deels as gevolg van verweer, maar daar is ook gedurige diefstal en sinlose vandalisme. "Nou gaan dit heelwat kos om die skade te herstel."

Gebeur dit egter sal Ngwathe onmiddellik weer 'n bate besit wat die gemeenskap bevoordeel en ook inkomste sal oplewer. "En ekstra inkomste sal baie welkom vir Ngwathe wees, want die munisipaliteit gaan lank reeds gebuk onder 'n groot geldnood." Die saal staan intussen leeg, en is vuil binne. Ferendale kon nog nie vasstel wat van die meubels en toerusting geword het nie.

Hy vestig nou sy hoop op "reddende nuwe inisiatiewe" wat die nuwe munisipale bestuurder, Dr FP Mothamaha, oral in Ngwathe aanpak.

Hy het eergister sy herstelplan in 'n kort brief aan Dr Mothamaha uiteengesit, met 'n afskrif aan uitvoerende burgermeester Victoria de Beer-Mthombeni.

DA-koukusleier Carina Serfontein steun hom volkome. "Hierdie gebou moet so gou moontlik weer die breë gemeenskap dien, en ek en my DA-kollegas gaan hard en op alle nodige vlakke daarvoor veg." Sy voeg by dis onaanvaarbaar dat die munisipale bestuur 'n gemeenskapsbaken soos hierdie sommer laat verval.




# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Die afgelope paar weke was dit verskriklik besig by Ringerstraat Jeugsorgsentrum. Die maatskaplike werker, Elmarie Els het die vrouens van die VLU in Koppies toegespreek oor die mooi wees van vrouwees sowel as die verskeie maskers wat daagliks gedra word. Die praatjie se hoof tema was maskers en hoe om die perfekte jy te wees. Deur interaktiewe gesels tussen die spreker en gehoor kon die vrouens op 'n reistog gegaan het, wat goed sowel as sleg was. Daardeur was gedemostreer dat mense se negatiewe woorde by 'n persoon bly en dat jy die spesifieke masker kies om aan te sit wanneer jy weer daardie persoon sien. Vergifnis as 'n *trunk* was ook een van die besprekingspunte. 'n Demostrasie was gedoen oor hoe jy moet opstaan en aksie neem vir dit wat jy in die lewe wou hê. Die vrouens van Koppies VLU se harte was ook oop gewees en het in hul unieke manier weer terug geploeg in die jeugsorgsentrum.

Die 6de September was daar net op kosmaak gefokus. Die groot Kerrie en Rys en Jafel verkope. Die jeugsorgsentrum het 'n fondsinsamelingsprojek gehou en na al die sweet, rond hardloop en tevrede magies, kan die projek as 'n sukses gesien word. Ons wil graag elkeen bedank vir hulle donasies, bestellings sowel as die wat hard besig was agter die jafel panne. Die sentrum beoog om meer sulke projekte in die toekoms te loots. Dankie Heilbron. Julle is waarlik regte staatmakers.




Onthou om ons Bless met 'n blikkie projek by OK minimark te ondersteun. Ons is waarlik dankbaar vir elke item wat in ons mandjie van hoop beland.

# UIT DIE PEN: Week 37



Die kollegas met wie ek my werksruimte deel, is nogal 'n diverse groep mense.

Daar is sewe wat net 'n skoolkwalifikasie het. Een het nie haar skoolloopbaan voltooi nie. Vyf het 'n tersiêre kwalifikasie. Drie het 'n graad. Twee het 'n nagraadse kursus gedoen en een het pas haar PhD gekry.

Een is 'n genaturaliseerde Zim burger, die res almal van Suid-Afrika. Ek dink daar is 'n totaal van ses getroudes. Nege het nie kinders nie. Altans, nie waarvan ek weet nie. Drie ry met openbare vervoer werk toe. Vyf ry daagliks vanaf Johannesburg tot in Pretoria en terug. Drie kan glad nie bestuur nie.

Daar is een middeljarige man met draadjies in sy tande. Een het twee jaar gelede haar enkel gebreek en ek probeer nog regop loop nadat ek myne gebreek het. Ses dra bril. Daar is drie mans en die res is vroue.

Die jongste is 23 en die oudste is 55.

Een is linkshandig. Daar is kollegas wat Shona praat, party praat Tswana, ander Xhosa, een of twee praat Zoeloe, vier praat Afrikaans en een Pedi. Twee ry SUVs.

Daar is 'n groot, sterk jongman en op enige gegewe tydstip vyf dames met gel op hulle naels.

Daar is een wat brandmaer is. Drie het natuurlike lang hare. Daar is een met ligte hare en die res het donker hare. Een het 'n hond as troeteldier. Drie woon nog by hulle ouers. Een is al 'n ouma.

Een van die mans hou niks daarvan om handearbeid te verrig nie en ook nie om af te los by ontvangs nie. 'n Paar hou van vergaderings, die meeste glo ons kan daarsonder.

Op 'n gegewe tydstip is daar een wat Earl Grey tee drink, een wat gewone tee drink en vier wat koffie drink. Twee dra gereeld hoëhakskoene, een dra altyd gemaklike tekkies (dis ek, totdat ek gewone skoene kan dra).

Die meeste is vrygewig met drukkies en skroom nie om mekaar te ondersteun nie. Ander is effens skaam daarmee.

Die meeste lag vir my simpel grappies al voel hulle soms daartoe gedwing. (Twee weke terug het ek vir hulle gesê dat hulle die naam van Celine Dion moet neerskryf en die klinkers in Engels van links na regs te lees. En as jy dit dalk nou net gedoen het, het ek net twee woorde: Old MacDonald.) Hulle sug al as ek naby kom en vra of hulle al vandag gelag het.

Ek het een van die ontvangsdames vertel dat ek en my pa altyd vir mekaar gesê het, wanneer ek vir hom of hy vir my die deur moes oopmaak: "Asseblief, o grote koning!" Wanneer ek 'n paar goed in my hande het, spring sy op en sê: "Please, oh my great king!"

Ons hele kantoor gaan tans deur 'n moeilike tyd. Dis juis hoekom ek vandag oor hulle skryf. Ons is 'n uiteenlopende groep wat toevallig by dieselfde plek werk. Elkeen is vir my belangrik. Of ek vir hulle belangrik is, weet ek nie, ek dink maar so. Maar ek waardeer elkeen vir hulle bydrae in my werkslewe, al is dit net 'n glimlag. Of net om my te groet. Of om saam met my te huil.

Ek wonder vandag oor elkeen met wie ons daagliks skouer skuur. Het jy al gekyk na hòè verskillend elkeen is? Een van hulle is dalk die een wat 'n druk kom gee. Die ander een sal net 'n WhatsApp stuur met 'n motivering. Iemand sal net na jou kyk en jy sal weet dat hulle aan jou dink. Dalk net 'n glimlag of iemand wat vertroostend aan jou raak. (En deesdae moet ons ligloop om sommer net aan te raak, sien ek).

So is elkeen op sy of haar eie manier verskillend, maar elkeen is nodig in ons lewens. Ons deel ons stories met hulle, ons deel ons vreugdes of ons trane met hulle. Of ons sit en word stil by hulle.

Oor Paul, die fisio: Hy het vir my oefeninge gegee om my enkel te strek. Soggens en saans wanneer ek tande borsel strek ek my enkel. Dit werk so: Staan met jou gesig na die muur en jou toon teenaan die muur. Nou moet jy jou knie buig en daarmee saam die muur met jou knie probeer raak. Doen dit met 'n gesonde been en jy gaan wonder wat so moeilik is daaraan? Doen dit met 'n enkel wat nog steeks en stram is, en jy gaan wonder hoekom dit nou ewe skielik so moeilik is.

Verder moet ek op my hurke aan sit (nota aan almal bo 40: maak seker jy weet hoe om op te staan voordat jy gaan sit) en probeer om jou voet se brug plat op die grond te sterk. Maklik, nê? Onthou dat ek genoem het dat die een enkel steeks en stram is? Nou, ja.

Daarna probeer jy jouself met moeite ophys, en dit sonder 'n *block and tackle*.

Soos wat Barbra Johnson verduidelik het: Ek sit nou op die vloer, sê asseblief dadelik wat ek hier onder kan doen sodat ek nie weer hoef op te staan en weer op die vloer moet gaan sit nie.

Ek verstaan, Barbra, ek verstaan.

Paul, vir ingeval hy hier lees: ek doen my oefeninge. Ek sien jou eers weer komende week. Ek bou solank 'n voorraad pynpille op vir ingeval ek eers moet fietsry (om jou enkel lekker warm te kry – *duhu*, dink ek) daarna op die trampolien te stap (jy doen dit net om my te treiter) en dan sewe en veertig van 'n sekere oefening te doen (want jy tel nie so lekker nie).

Soos wat ek vandag dankbaar is vir my kollegas, is ek ook dankbaar vir jou, Paul. Dit mag dalk nie so voorkom nie.

As jy die Celine Dion oefening gedoen het: Ee aai ee aai ou.

Tot volgende week.

# Retro-tyd in blydskap voorleef!

Retro wat ook terugwaards of terug in die verlede beteken was Vrydagaand, 6 September se tema tydens die Heilbron Fynproewers byeenkoms wat in die Boeresaal gehou is.

Die 1970's was 'n interessante tyd. Op 5 Januarie 1976 het die eerste TV uitsending in Suid-Afrika begin. Alhoewel films soos The God Father, Star Wars en Jaws reeds in Amerika gekyk is het ons hier in Suid-Afrika, oud en jonk elke dag vasgenael gesit en wag vir Haasdas se nuuskas. Van safaripakke tot bell bottoms is gedra.

Die kos was kleurvol en meestal in vorms gestol. Tydens Vrydagaand se byeenkoms was daar geregte soos frikkadelletjies en worsies op stokkies, bobotie en geelrys, gestolde hoender- en vis geregte, gevulde eiers, gevulde perskes, verskeie handhappies en kleurvolle gestolde slaaie. 'n Jellie-lagie nagereg en koekstruif het die aand afgerond.

Op 15 November 2024 sal die Heilbron Fynproewers die jaar afsluit met hul jaarlikse Kersete wat vanjaar weer by Donsveertjie gaan plaasvind. Vier nuwe lede is ingehuldig en Gideon Malherbe het die heildronk op die Fynproewers ingestel en gesê dat die woord "Cheers" afkomstig is van die Franse word "Chere" wat blydskap beteken. As ons aan die Retro tyd dink dan dink ons aan 'n kleurvolle tyd vol blydskap. Mag die kleurvolle saamwees van die Retro-tyd in blydskap voorleef!







*Die vier nuwe lede wat ingehuldig is. Burger en Annari Combrink en Mariëtta en Trompie Grobbelaar.*

# Baie goeie nuus!



Pastoor Derick de Lange is vanaf hierdie week weer permanent terug in Heilbron by LEWENDE WATER GEMEENTE (op die perseel van die Hervormde Kerk, Heilbron, ná hulle diens.) Almal is welkom by ons dienste en ander aktiwiteite.

**Tye: Sondag:** Oggenddiens 11:00
(Ons beweeg vanaf 10:45 in by die hoofdeur in Nicolstraat)
**Woensdag:** Vrouebybelstudie 10:00
**Woensdag:** Biduur 18:30
**Vrydag:** Jeug 18:30

Elke geleentheid is by die Hervormde kerk in Nicolstraat behalwe die vroue se bybelstudie.
Kontak Maria vir enige navrae of inligting 083 557 2849.
Sien u daar! Kom met 'n verwagting!!


# Huppel Trippel die lente in



Dit was Dinsdag-oggend heeltyd speeltyd vir die lede van die Huppel Trippel groep. Daar is enigiets gespeel - van "Musical hats" tot balgooi met 'n lekker groot swembad-bal bo-oor en onderdeur 'n tou. Die twee wenners was oom Jurie Potgieter en Mercia Viljoen. Oor twee weke is die program 'n propperse Bybel-vasvra. Kom toets gerus jou Bybelkennis; en wees deel van die sports daarná. Die program word elke tweede Dinsdag om 10uur in Huis Bron-van-Heil se eetkamer aangebied. Lede van die gemeenskap is baie welkom.



*Op die foto van die lede van Huppel Trippel: Ina Slabbert, Rosa Botes, Rita Groenewald en Kerneels Els.*










# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

In die **BOEDEL VAN WYLE JOHANNA ELIZABETH VAN DER WATT,** Identiteitsnommer: 360822 0003 088, van Huis Sorgvry, Reitz.
**BOEDELNOMMER: 0366/2024**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel ter insae sal lê te kantoor van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein en Landdros Reitz vir 'n tydperk van 21 dae gereken vanaf 13 September 2024.
**NAAM EN ADRES VAN EKSEKUTEUR OF GEMAGTIGDE:**
**JJ VAN DER WATT**
**POSBUS 388, REITZ, 9810**
**TEL: 084 582 1064**

---

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 4189/21
**Surname:** Beukes
**First Names:** Elizabeth Christina
**ID Number:** 241231 0021 089
**Last Address:** 1 De Wet Street,
PETRUS STEYN, 9640
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Petrus Steyn
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** VAN ZYL-FOURIE ATTORNEYS
**Advertiser Address:** 16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640
**Advertiser E-mail:** michael@vzfattorneys.net
**Date Submitted:** 2024-08-27
**Tel:** 083 547 9244
**Publication in the Government Gazette on:**
2024-09-13

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaat van Geregistreerde Deeltitel **ST 21995/2009** uitgereik deur die Registrateur van Aktes ten gunste van **GEORGE PEARSON ROOS** Identiteitsnommer 730901 5078 08 0, wat verlore geraak het of vernietig is, ten aansien van die volgende eiendom:
'n Eenheid bestaande uit:
(a) Deel no 1, soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS 201/2009 in die skema bekend as ROOSHOF ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te HEILBRON, NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, van welke deel die vloeroppervlakte, volgens die voormelde deelpan, 125 (EEN HONDERD VYF EN TWINTIG) vierkante meter groot is; en
(b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op die genoemde deelplan aangeteken.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 11de dag van September 2024.
**(GET) PP VAN DER MERWE**
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47, HEILBRON, 9650**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**

---

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaat van Geregistreerde Deeltitel **ST 21996/2009** uitgereik deur die Registrateur van Aktes ten gunste van **GEORGE PEARSON ROOS** Identiteitsnommer 730901 5078 08 0, wat verlore geraak het of vernietig is, ten aansien van die volgende eiendom:
'n Eenheid bestaande uit:
(a) Deel no 2, soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan No SS 201/2009 in die skema bekend as ROOSHOF ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te HEILBRON, NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, van welke deel die vloeroppervlakte, volgens die voormelde deelpan, 101 (EEN HONDERD EN EEN) vierkante meter groot is; en
(b) 'n onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op die genoemde deelplan aangeteken.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 11de dag van September 2024.
**(GET) PP VAN DER MERWE**
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47, HEILBRON, 9650**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaat van Saaklike Regte: Uitsluitlike Gebruiksgebiede Nommer **SK 620/2009** uitgereik deur die Registrateur van Aktes ten gunste van **GEORGE PEARSON ROOS** Identiteitsnommer 730901 5078 08 0, wat verlore geraak het of vernietig is, ten aansien van die volgende eiendom:
1. 'n Uitsluitlike gebruiksgebied beskryf as T1 groot 244 (Twee Honderd Vier en Twintig) vierkante meter, synde 'n gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, bevattende die grond en die skema bekend as ROOSHOF, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te HEILBRON, NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan Nr SS 201/2009.
2. 'n Uitsluitlike gebruiksgebied beskryf as T2 groot 251 (Twee Honderd Een en Vyftig) vierkante meter, synde 'n gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, bevattende die grond en die skema bekend as ROOSHOF, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te HEILBRON, NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan Nr SS 201/2009.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 11de dag van September 2024.
**(GET) PP VAN DER MERWE**
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47, HEILBRON, 9650**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2041**

---

**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald**

Kontak gerus
vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of
heraldnuus@heilbron.co.za




# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

**DUPNO Trading**

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**




## 2024 / 2025

Neem asb kennis dat die Heilbron se winkel sluit 19Desemberom13:00enheropen DV 6 Januarie om 07:30.
Diefabrieksluit13Desember2024 en heropen DV 8 Januarie 2024.



Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport


# Twee in 'n ry



Kobus Weilbach (regs) is een van min wat dit kon regkry om Heilbron Gholfklub se maandbeker vir die twee maande in 'n ry te wen. Hy speel 'n netto telling van 77 verlede Saterdag.

Die opkoms was maar yl en net vier spelers het om die HBA maandbeker meegeding. Jackie Leonard was tweede met 79 netto telling.

# Sasol/Heilbron Inter



Die jaarlikse inter het vanjaar op die bane van Sasolburg Rolbalklub plaasgevind. 18 Spelers van Heilbron het die pad via Deneysville aangedurf. Heilbron kon hierdie trofee nog net met die eerste kragmeting verower. In 2023 het Sasolburg ons op eie bodem afgestof. Ongelukkig moes ons weer vanjaar die knie buig. 'n Nuwe speler, Andries Swart het sy debuut gemaak. Gelukkig is daar nou weer 'n hele nuwe jaar oor wat spelers maar kan oefen vir die volgende kragmeting.

Die baan is tans onder konstruksie en word met verskeie towergoedjies behandel om dit weer in tip top kondisie te kry vir die nuwe seisoen. Bertus van Rensburg wat BSA se amptelike *greenkeeper* is het sy kennis met ons kom deel. Hy was die afgelope week heeldag op en rondom die baan en lede kan uitsien na die opening van die baan in Oktober. Dit is dan ook wanneer 2024 se Besigheidsliga afskop. Besighede moet solank hulle self afstof vir die geleentheid.






*ROLBALBESTUUR 2024: Op die pas afgelope jaarvergadering van Heilbron Rolbalklub is die volgende persone tot die nuwe bestuur verkies. Op die foto bo agter vl: Bennie Steenkamp, Pieter Kühn, Edward Muller, (President) Johnnie Fourie. Voor: Tanya Steenkamp, Sonja Muller en Judith Joubert.*



*Op die foto word die grondlaag gegooi en gelyk gemaak. Die baan is behandel met onkruid- en insekdoder. Die grondlaag bestaan uit gesterileerde mis, swart en wit silica en fyn turf. Kunsmis is in twee lae toegedien. Op die foto is Bertus besig om die bolaag gelyk te maak.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 16 SEPTEMBER 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 17 SEPTEMBER 2024**
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Vetvee skouveiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
VOLKSRUST: SANDSPRUIT SILO/BUNKER IMPLEMENTE VEILING
11:00, Volksrust
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**WOENSDAG - 18 SEPTEMBER 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
VOLKSRUST: DUBBEL X SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, Battlefields Lodge
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**DONDERDAG - 19 SEPTEMBER 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
ABERFELDY Vetveeveiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**VRYDAG - 20 SEPTEMBER 2024**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 21 SEPTEMBER 2024**
FOURIESBURG: BOSIU BORANE PRODUKSIEVEILING
11:00, Klein Thaba Bosigo
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

